Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

ONDERSTEUN
die vooraanstaande
MANSUITRUSTERS
WELGEMOED & Kie.
h/v Pretorius- en v. d. Waltstr.
PRETORIA

# Die O.B.

'n Beperkte getal volledige stelle van „Die O B.", 2de Jaargang, is weer verkrygbaar; In harde omslag gebind
17/6 per stel posvry
kontant met bestelling
Bestel by VOORSLAG (Edms.) Bpk. Posbus 1411, Kaapstad

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 8 MAART 1944. No. 16.

# Aanslag van Kapitalistiese en Kommunistiese Kombinasie

## O.B Sal Werkers Steun Sê K.G.

**Die stryd van die werker in die stad is ook die stryd van die plattelandse seun en dogter; en waar daardie stryd skyn te ontwikkel tot een tussen die werker aan die eenkant, en 'n kombinasie van kommunisme en kapitalisme aan die ander kant, sal die Ossewabrandwag sy hele gewig agter die werkers ingooi, het dr. J. F. J. van Rensburg, die Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag, Saterdagaand verklaar, by geleentheid van 'n groot sametrekking van die Beweging op Boekenhoutfontein, 'n gedeelte van die ou woonplaas van wyle Pres. Paul Kruger.**

**As dit die aard van die stryd is, sal ons met die hulp wat ons aanbied slegs een heiliger verpligting hê, en dit is die versorging van die afhanklikes van ons kamerade wat in kampe en tronke sit, deur middel van die Noodhulpfonds. Afgesien van hierdie versorging is daar geen beperking op die hulp wat die O.B. bereid sal wees om aan te bied nie, het die Komdt.-Generaal vervolg.**

### DIE MEESTE IS WERKERS

„Die mense wat vandag by die O.B. staan is hoofsaaklik die werker en die kleinboer. Daar is gelukkig ook welgesteldes wat hulle gewig ingooi, maar net soos die breë massa van die Afrikanerdom die werker is en nie die werkgewer nie, net so ook is dit die geval by die O.B. **Die groot massa van die O.B. is nie mense wat onbekommerd die toekoms kan instaar nie.**

### ONKEERBAAR STAD-TOE

Die Afrikaner het ontwikkel van 'n volk wat hoofsaaklik uit boere bestaan het tot 'n volk wat hoofsaaklik werker is. En daardie proses gaan nog voort. Die meerderheid van ons plase kan nog een keer verdeel word. **Daar sal dus nog vir twee kinders in die gesin plek op die plaas wees, maar die ander sal na die stad moet gaan. En hulle gaan nie as werkgewers nie, maar as werknemers.** Die stryd wat die werker in die stad voer, is dus ook in 'n sekere sin die stryd van die plattelandse kind.

### NASIONALISME WAT SOSIAAL IS

„Die Ossewabrandwag wil nie meer bly staan by 'n nasionalisme wat net roem op die verlede en weghardloop van die toekoms nie. Hy wil die heldegeslag van die verlede eer, maar ook toesien dat die nageslag van daardie helde 'n behoorlike bestaan voer. Niemand kan twyfel aan die nasionalisme en die republikanisme van die beweging nie."

### BLANKE VROUE STAAK

Voorts het die Kommandant-Generaal verwys na koerantartikels oor die moeilikhede van werkers aan die Rand, waaruit blyk dat van blanke vroue in fabrieke verwag word om saam te werk in die fabriek met gekleurdes. Die blanke vroue wou dit nie duld nie en 800 het besluit om te staak.

### VAKBOND SKORS LEIDSTERS

„Daardie mense staan voor 'n vreeslike keuse. Hulle is loonslawe wat moet werk om 'n bestaan te maak. Hulle is verplig om te doen wat die fabrieksbaas beveel, tensy hulle vakbond beswaar maak daarteen. **In hierdie geval het die vakbond, wat heeltemal kommunisties geneig is, geweier om hulle in hulle beswaar te steun. Die gevolg was dus dat hulle verplig was om terug te gaan na die werk. Nou het die vakbond gegaan en die leiers van die staking as lede geskors —met die gevolg dat hulle hulle werk verloor, aangesien dit 'n geslote gelede bedryf is.**

### BLANKE HEERSKAPPY

„Naas sy godsdiens is die heiligste verpligting vir die Afrikaner die beskerming en die beveiliging van sy blanke beskawing. Dit was daardie saak wat reeds op Slagtersnek op die spel was. Dit was nie die feit dat die Engelse Bezuidenhout wou **arresteer** nie dog wel dat hulle **gekleurde Panders gestuur** het om hom te arresteer, wat weerstand en sy dood uitgelok het — met al die tragiek wat daarop gevolg het. Ook die Groot Trek, die geboorte van ons volk, het gevloei uit die drang tot beveiliging van die blanke ras. **Nog steeds was die onoorbrugbare kloof in Suid-Afrika nie soseer dié tussen Boer en Brit nie, maar die natuurlike kloof tussen blank en nie-blank.**

### DIE HISTORIESE STRYD

„Daardie stryd het dwarsdeur gegaan tot vandag. Hierdie selfde beginsel was op die spel by die staking in 1922. Toe is daar 'n beroep gedoen op die Afrikaner om die sosialiste, of soos hulle genoem is, die ,red revolutionaries' te kom skiet. **En die boere van die platteland het gegaan. ,Red revolutionaries' is geskiet, maar in baie gevalle was die lyke wat daarna oorgebly het, die lyke van Afrikaners soos Labuschagne en Stassen.** Wat daar nou gebeur is dat die Afrikaanse vrou gedwing word om saam met gekleurdes in dieselfde plek te werk of anders te trap. Dit is weer die stryd oor die kleurskeidslyn. **Bewus of onbewus stry daardie Germistonse vrouens en meisies die eeuoue lewenstryd van die Afrikaner: die stryd wat sy voortbestaan of ondergang as blanke ras beteken.**

### DIE O.B. GEE SY STEUN

„Die O.B. het reeds 'n Arbeidsfront gestig. Hy wil nie die vakbonde van die werkers vernietig nie. Presies die teenoorgestelde. Maar dan moet daardie vakbonde anker in die volk. **Waar die stryd van die werker nou blykbaar ontwikkel tot 'n stryd teen 'n kombinasie van kapitalisme en kommunisme, daar sal die O.B. sy gewig ingooi.** En waar ons ons hulp aanbied kan ek sê dat geen beperking gestel word nie. Ons sal help waar ons kan. Ons sal die volk se geweete wakker skud wat hierdie saak betref. Ons sal dit doen in elke dorp en stad in die land. **Ons sal help met alle middele tot ons beskikking. Ons sal net een perk ken waar ons sal moet halt roep, en dit is wanneer ons daardeur nie meer in staat sal wees om die vroue en kinders van ons kamerade in die kampe en tronke te versorg nie."**

Dr. Van Rensburg het hom oortuig verklaar dat as van die platteland gevra word om te help en te sorg vir die werkers wat in hierdie stryd sal moet ly, die beroepe nie op dowe ore sal val nie.

# OSSEWA-BRANDWAGDAG

In verband met Ossewabrandwagdag, 8 Augustus, skryf die Vrystaatse Gebiedshoofvrou, genle. C. Meyer, soos volg aan ons:

Ons staan aan die begin van die uitvoering van die geweldige taak wat die Ossewabrandwag moet verrig; 'n groot arbeidsveld moet nog gedek word. Ons mag nie rus op die louere van die verlede nie. Inteendeel, daar moet gewerk word, sonder oponthoud.

Die vrou moet dadelik aan die werk spring om hierdie jaar met Ossewabrandwagdag alle vorige pogings ver te oortref. Soos nog elke keer in die verlede sal die vrou ook hierdie keer die Beweging nie teleurstel nie.

### ROMMELVERWERKING

Behalwe die gewone funksies om fondse in te samel, en die wenke alreeds aan die hand gegee, wil ek graag aanbeveel dat die vroue hulle hierdie jaar veral sal toelê op handwerk, en in besonder op die verwerking van rommelartikels.

**'N LYS MET NUTTIGE WENKE OOR DIE MAAK VAN SULKE ARTIKELS IS VERKRYGBAAR BY DIE VRYSTAATSE GEBIEDSKWARTIER, SASBANKGEBOU, BLOEMFONTEIN, TEEN 3d. PER KOPIE.**

Ek gee aan die hand dat elke O.B.-vrou vanaf 1 Maart tot 31 Julie **een namiddag** in die week sal gebruik om te werk vir O.B.-dag. Sy hou haar as volg besig: 1. Deur rommelartikels in nuttige artikels te verwerk. 2. Die maak van speelgoed. 3. Enige kunshandwerk, of ander handwerk wat sy kan doen. 4. Vroue wat beter kan bak as met die naald werk, bak en en ander, en verkoop dit. 5. As 'n vrou dit nie kan bekostig om gereeld die materiaal wat sy verwerk uit haar eie sak te neem nie, neem sy soveel as sy kan, en woeker dan daarmee.

# O.B.-DAG

**Vryheidsdag is verby—Ossewabrandwagdag lê voor. Die tyd tussen 27 Februarie en 8 Augustus is maar kort vir die ywerige en volhardende werker en werkster.**

**Maar, tot ons trots en hulle eêr, weet ons dat die getroues alreeds op 9 Augustus 1943 begin werk het vir 8 Augustus 1944**

**Graag vestig ons in hierdie verband die aandag van ons lesers, veral van die vroue, op die wenkies wat onder die opskrif „Rommelverwerking" reeds in Die O.B. verskyn het, en nog sal verskyn.**

### WERK IN OPDRAG

Indien dit wenslik geag word kan die kommandant elke maand aan elke veldkornetskap 'n spesiale opdrag gee wat uitgevoer moet word, b.v. die maak van babauitrusting, kinderklere, speelgoed, ens. Elke lid van die veldkornetskap doen dan 'n deel.

Vir kompetisie kan die veldkornetskappe van tyd tot tyd die maand so werk bymekaar bring.

Ook die mans, dogters en seuns moet hulle handwerkies lewer. In hierdie tyd verkoop alles goed. Die kinders kan gedurende die vakansies werk.

Al die artikels word gehou tot Augustus om op die funksie verkoop te word, behalwe dié wat onder (4) en (5) hierbo genoem is, die geld waarvoor in 'n bussie bewaar word tot die dag waarop die funksie plaasvind, om dan ingehandig te word.

Waar vroue hulle eie botter maak, blomme kweek of 'n hoenderboerdery het, kan 'n deel van die inkomste daarvan ook vir die doel opsy gesit word.

'n Pragtige voorstelling van die rol wat die Ossewa in die lewe van ons Volk gespeel het word sterk aanbeveel om voorgedra te word tydens die Augustus-funksie. **KOPIEË IS BY DIE VRYSTAATSE GEBIEDSKWARTIER VERKRYGBAAR.**

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onversteurd word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van drosdy-tabak kry.



drosdy die rypste tabak bekend.

drosdy TABAK IS IN OU WYNVATE BELEË

DIE O.B., WOENSDAG, 8 MRT. 1944.

# Die O.B. se Lewensbeskouing

In sy jongste groot toespraak op Stellenbosch het die Kommandant-Generaal uitgewei oor die lewensbeskouing of ideologiese inhoud van die Ossewabrandwag.

Met sy gewone nugterheid het die K.G. gekonstateer dat die O.B. se inhoud sy samestelling moet weerspieël. Enigiets anders sou blote fantasie wees, nie lewensbeskouing nie. Die lewensbeskouing van die Ossewabrandwag kan nie anders wees as die lewensomstandighede van sy lede nie. Dis 'n vaste gegewe en geldend vir enige organiese volksbeweging.

Wat is die samestelling van die Ossewabrandwag?

Die K.G. het verklaar dat die lede van die O.B. nie die mynmagnate is nie, maar die werkers wat onder die aarde goud moet uitgraaf vir vreemde base en alte dikwels myntering moet uitgraaf vir hul eie Afrikaanse longe. Op die spoorweë is dit in die reël nie die hoofamptenare nie, maar die werkers en die arbeiders. In die leër is dit oor die algemeen nie die generaals en die kolonelle nie maar die onderoffisiere en die manskappe. Onder grondeienaars is dit nie die base van die groot kompanie-plase nie, maar die boerende boer wat op sy arbeid aangewese is en op die weer, en rekening moet hou met die rente aan sy verbandhouer of aan die Landbank.

Oor die samestelling van die O.B. het die K.G. voorts verklaar: Die oorgrote gros van die lede van die O.B. is mans en vrouens wat nie onbekommerd die toekoms kan inslenter nie. Maar as dit die geval is, dan is dit ook organies gepostuleer dat die ideologiese inhoud van die Beweging daardie samestelling weerspieël. 'n Beweging van strydende Afrikaners, werkers en kleinboere, sal nie die gees van 'n kliek geldbase of internasionale Jode asem nie.

Wat is die lewensbeskouing van die lede van die Ossewabrandwag?

Die K.G. het verklaar dat die stryd wat die O.B. die afgelope jare gestry het vir die republikeinse ideaal van die Afrikanervolk, 'n stryd waarin volhard is, ten spyte van die Empire se tronke, kampe, noodregulasies en viktimisasie, die bewys gelewer het, as bewys nodig was, dat die lede van die O.B. deurdrenk is van Afrikanernasionalisme.

Maar die bewys is ook daar, — vergelyk maar die O.B.-Noodhulpfonds en Bystanddiens — dat die lede van die O.B. wakker geskrik het tot die besef van elkeen se plig teenoor almal en almal se plig teenoor elkeen. Die Ossewabrandwag is nie meer bereid om die afstammelinge van die Voortrekkers in krotte en ellende te laat spartel nie; om die kleindogters van die helde van Spioenkop teen hongerlone vir Joodse fabrieksbase te laat swoeg nie. Nee, die lede van die O.B. is vasberade om mekaar se wagters te wees — om sosialisme prakties uit te leef.

Die lewensbeskouing van die lede van die O.B. is dus nasionalisties sowel as sosialisties. Organies is dit daarom gepostuleer dat die ideologie van die O.B. Volks-eie Sosialisme moet wees.

## DIE K.G. SÊ:—

**Die O.B. gooi sy gewig in agter die werkers, terwille van die Afrikanerdom wat grotendeels bestaan uit werkers.**

## VRYHEIDSDAG

**In die volgende uitgawe van Die O.B. sal 'n verslag verskyn van die Vryheidsdagvierings, op 26 Februarie, oor heel Suid-Afrika. Teen daardie tyd sal ons reeds berig ontvang het oor die Sentrale Fees op Amajuba, sowel as voorlopige rapporte uit die verskillende Gebiedskwartiere.**

# ROOSEVELT vs. KONGRES.

Die Verenigde State van Amerika, die land van die ,,onbeperkte moontlikhede'', ,,God's own country'', het in die loop van die huidge oorlog al wonderlike dinge gelewer. Industriële onrus, stakings in lewensbelangrike nywerhede en inflasionêre verskynsels is 'n paar van hierdie Amerikaanse oorlogsprodukte.

Die jongste nuwigheid uit Amerika is die nuwe vorm wat die stryd tussen Roosevelt en die Amerikaanse Kongres aangeneem het. Dit is bekend dat die President 'n bedrag van ongeveer tien biljoen dollars as begroting vir die komende jaar van die Kongres verlang het. Die Kongres egter was bereid om slegs ongeveer twee biljoen dollars, d.w.s. een-vyfde van die verlangde bedrag, te verstrek. 'n Geldelike wetsontwerp ten bedrage van twee biljoen dollars is gevolglik deur die Kongres aangeneem. Die President het hierop sy konstitusionele reg van veto oor hierdie Tax Bill van die Kongres uitgespreek. Die Kongres het in baie duidelike taal geantwoord. Die Senaat het met 72 stemmen teen 14 en die Huis van Verteenwoordigers met 299 stemme teen 95 die veto van die President ongeldig gemaak. Die finansiële wetsontwerp van die Kongres het dus wet geword.

Tot dusver het alles volgens die bepalings van die onbuigsame Amerikaanse grondwet plaasgevind. Nòg die vetoreg wat die President uitgespreek het, nòg die afstemming van hierdie veto deur die Kongres kan deur 'n federale hooggeregshof omvergewerp word. Die stryd tussen die President en die Kongres het egter 'n hele boel belangrike aspekte buite die raamwerk van die grondwet en na 'n paar daarvan dien verwys te word.

### Roosevelt bots met sy politieke party

In hierdie stryd het daar vir die eerste keer 'n duidelike en openlike botsing tussen die President en sy eie party, die Demokratiese party, ontstaan. Hierdie botsing kom nie alleen tot uiting in die afstemming deur Demokratiese Kongreslede van die President se veto nie, maar ook in die bedanking van senator Barkley as leier van die Demokrate in die Senaat by wyse van protes teen Roosevelt se veto. Barkley se herverkiesing as leier van die Demokrate in die Senaat dien as bewys dat hierdie lede van Roosevelt se party die rebellie van hulle leier teen die President goedkeur. Die openlike botsing tussen Roosevelt en die kongreslede van die Demokratiese party is veral interessant met die oog op die aanstaande presidentsverkiesing. Dit is duidelik dat Roosevelt se prestige en sy kanse vir 'n vierde ampstermyn as president 'n gevoelige slag deur die jongste handeling van die Kongres toegedien is. Daar is selfs diegene wat meen dat Roosevelt se kanse nul is en dat die Amerikaanse oorlogsvoering op die vooraand van 'n moontlike wending staan.

### Roosevelt en die Presidentsverkiesing

Die saak het egter ook 'n ander kant. Die jongste botsing tussen President en Kongres is die gevolg van oorsake wat veel verder terug strek. Dit is ook veel meer as 'n botsing tussen wetgewing en administrasie. Die vriende van Roosevelt beweer dat die huidige botsing noodwendig was, dat die stryd tussen 'n president wat gelykheid van offers van almal geëis het om die oorolg te wen en 'n Kongres wat hierdie eis geweier het, nie langer uitgestel kon word nie. Hierdie ,,equality of sacrifice to win the war'' wat Roosevelt sou eis en die Kongres geweier het, lyk na 'n waarskynlike strydkreet van die President vir die komende presidentsverkiesing. Dit lyk of hy 'n soort sosialistiese program gaan gebruik teneinde die steun van die klein man en die massas teen die kartels en magnate te wen.

### Roosevelt se moeilikhede

Intussen moet Roosevelt klaar kom met twee biljoen dollars in plaas van die tien biljoen wat hy verlang het. Intussen sal hy ook die massas moet oortuig dat die Wit Huis onskuldig is van burokratiese onbekwaamheid en korrupsie soos sy vyande so dikwels beweer. Hy sal die Amerikaanse volk moet oortuig dat hy die regte leier is om sy mense van totale oorlog met al sy nadele na totale vrede met al sy seëninge te lei. Roosevelt staan voorwaar voor moeilike dae. Sy derde presidentskap en die oorlog wat Amerika voer, het nie volgens plan verloop nie. Die geweldige hulpbronne waaroor Amerika beskik, kon tot dusver nie verhinder dat die nederlae groter as die oorwinnings was nie. Dit sal vir hom geen maklike taak wees om 'n program van sosiale geregtigheid in die kapitalistiese Amerika uit te voer nie. In sy eie land het hy magtige vyande. Die Amerikaanse Pers is byna sonder uitsondering solied teen hom, veral wat sy binnelandse beleid betref. 'n Groot buitelandse militêre oorwinning, soos 'n suksesvolle landing in Wes-Europa, sal sonder twyfel sy aandele laat styg. 'n Groot militêre nederlaag aan die ander kant kan vir hom noodlottig wees. Sal Roosevelt op die vooraand van die verkiesing dit alles waag of sal hy voorlopig tevrede wees met propaganda-oorwinnings oor sy vyande en ekonomiese en diplomatieke oorwinnings oor sy bondgenote? Of sal Stalin in hierdie spel ook 'n woordjie te sê hê?

## *Die Kapitalisme*

Uit 'n artikel oor ,,Die Kapitalistiese Beskawing'' wat in Volkshandel verskyn het, neem ons die volgende oor:

Dit is een van die illusies van elke generasie dat hul sosiaal-ekonomiese stelsel permanent is; dog vir duisende jare al kom stelsels te voorskyn, raak uitgedien en word vervang deur een wat beter aanpas by die omstandighede van die tyd. Hierdie generasie egter begin die tydelikheid van die kapitalistiese beskawing insien sodat die tekens van die tye dit aandui as wankelend.

Dit is die stadium in die ontwikkeling van die industriële en wetlike inrigtings (met hul invloed op die ander lewensterreine) waar ons vind dat die oorgrote meerderheid van die werkers (beide hande en brein) geskei is van die middele van produksie, op so 'n wyse, dat hulle 'n gemeenskap van werkers word wie se voortbestaan, sekuriteit en persoonlike vryheid blykbaar afhanklik is van die wil van 'n proporsioneel kleiner deel van die bevolking, nl. die wat besit en deur hul wettige besit kontrole uitoefen op die land, masjinerie en arbeidskrag van gemeenskap met individuele en privaat wins as hul doel.

P. A. WILKEN
MAKELAAR, VENDUAFSLAER
BOEDELBEREDDERAAR

Hoofkantoor: Spoorbondkasgebou,
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG.
(Telefoon: 33-1706 en 33-0138)

Takkantore:
RANDFONTEIN, Hoofstraat 19. Foon 671250.
POTCHEFSTROOM, Kerkstraat 57. Foon 187.

TABBERDS!
GEBLOMDE KATOEN
Pragtige Modelle en Kleure
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMESMODISTE

DIREK VAN FABRIEK AAN BOER

Kapkartuie £9, Swaar £12; Enkel Kartuig £8; Muiltuie £15; Donkietuie £6, met stringe £7; Tome vir muile 15/-, vir perde 12/6, Donkies 6/-; Ligte Halters 5/-, Swaar 8/6; Saals met buikgort kompleet £4; Boere saals met sagte sitplek £6; Borsplate vir Donkies (lig) 5/-; Swaar 7/6; Borsplate vir Voormuile £1-5-0, agter £1-7-6.

K.M.B. Onmiddellike aflewering op ontvangs van Bestellings. Tevredenheid gewaaborg.

Volkskoper Mark Beperk, Wolhuterstraat 62, Newtown, JOHANNESBURG.

DE KOCK SE GARAGES
Foon 110, Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
Foon 10, Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
TOT U DIENS!
V.M.K. AANBEVEEL.

Ondersteun ons Blad

VERRYK U KENNIS DEUR TE LEES
DIE JONGSTE BROSJURES OOR BRANDENDE LANDSVRAAGSTUKKE
1. Die Vooraand van ons Vrywording — dr. P. J. Meyer .......... 9d.
2. Demokrasie of Volkstaat? — dr. P. J. Meyer .......... 9d.
3. Arbeidsordening binne die Volgsbeweging of Volkstaat — dr. P. J. Meyer .. 9d.
4. Toekomstige Ordening van die Volksbeweging in Suid-Afrika — dr. P. J. Meyer 9d.
5. Die Oplossing van die Naturelle Vraagstuk in Suid-Afrika — drs. P. J. Coertze, F. Language en prof. B. I. C. van Eeden 1/6

OOK DIE VOLGENDE O.B.-BROSJURES:
1. Die O.B. van Waar en Waarheen .......... 1/-
2. Eerste drie toesprake en Lewensketse van die K.G. .......... 6d.
3. Gesonde gesinne bou 'n lewenskragtige Volk .......... 9d.
4. Drie toesprake van die K.G. oor:
(a) Die Kommunisme.
(b) Die Parlementsverkiesing.
(c) Die Soldate
5. Die Vooraand van ons Volkseie-Sosialisme.
6. 'n Volk op trek (binnekort gereed — prof. A. J. H. van der Walt 2/6

Bestel van:—
PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BPK.
Spoorbondkasgebou 507, Posbus 4892,
JOHANNESBURG.

O.B.-OFFISIERE EN BRANDWAGTE! — TEKEN U AL IN OP
WAPENSKOU
- Publikasiemedium van studielaerstukke.
- Verskaf nadere toeligting i.v.m. dienslaeronderwerpe en die volksbewegingsbegrip.
- Die blad geniet die aktiewe medewerking van bekende Afrikaanse deskundiges op ons universiteite en in die volkslewe.
- Die K.G. sê van Wapenskou: ,,Wapenskou, die amptelike orgaan van die A.N.S., stam uit denkende kringe van jong Afrikaners wat trag om helderheid te vind en te versprei. As sodanig verdien dit die noukeurige aandag van die strydende geledere.''
- Teken in by: Die Uitgewers, Wapenskou, Bus 28, Stellenbosch.
- Intekengeld: 5/- vir 4 uitgawes p.j.

# Vrystaatse Gebiedsraad Vergader op Bloemfontein

**Die Vrystaatse Gebiedsoffisiersraad, wat deur gebiedshoofgeneraal J. F. van der Merwe byeengeroep is, het Dinsdag, 1 Februarie, onder blyke van groot geesdrif op Bloemfontein vergader. Behalwe die lede van die raad, wat saamgestel word uit die senior manne- en vroue-offisiere van die Gebied, nl. hoofgeneraals, generaals, hoofkommandantes en assistent-hoofkommandantes, het genl. Van der Merwe ook die senior offisiere van die Wagafdeling sowel as die senior offisiere van die Boerejeug opgeroep na Bloemfontein.**

**Die Gebiedsraad het die besondere voorreg gehad om die Kommandant-Generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, by die opening van die verrigtings aanwesig te hê. Tewens kon die offisiere ook met genoegdoening vir genl. De Jager, oud-A.K.G. van die Vrystaat, in hul midde verwelkom.**

### DIE GEBIEDSLEIER

Die Gebiedsleier, genl. J. F. van der Merwe, het die gaste, die verteenwoordigers van die Wagafdeling en die Boerejeug, sowel as die vroue- en manne-offisiere van die Gebied, baie hartelik verwelkom en die hoop uitgespreek dat die verrigtings tot lering en besieling sal strek.

Die Generaal het verklaar dat 'n senutergende jaar agter die rug is. **Maar danksy die volharding van die offisiere en brandwagte, te midde van skommelinge en wisselinge in ons landstoestand, is ons beslis 'n jaar nader aan die verwesenliking van ons vryheidsideaal.** Hierdie eienskap van volharding was veral waarneembaar by die vrou en van haar het inspirasie en besieling uitgegaan waarvoor ons haar huldig en dankbare erkentelikheid toebring, het die Generaal gesê.

### KOFFIEFONTEIN

Genl. Van der Merwe het met waardering melding gemaak van die ywer wat sy offisiere en brandwagte aan die dag gelê het en nog lê vir die versagting van die lot van ons mede-Afrikaners in die interneringskamp op Koffiefontein. Die Generaal het 'n spesiale

## GENL. C. L. DE JAGER

**Genl. C. L. de Jager, die eertydse A.K.G. van die Vrystaat, wat onlangs onvoorwaardelik uit die Interneringskamp op Koffiefontein, losgelaat is, het die verrigtings van die Vrystaatse Gebiedsraad op Bloemfontein bygewoon. Die Organisasiehoofkwartier sal later bekend maak waar en in welke hoedanigheid genl. De Jager sy Ossewabrandwag-werksaamhede sal hervat.**

woord van dank laat toekom aan mev. Immelman, wat geen steen onaangeroerd laat om die verskaffing van voedsel aan die geïnterneerdes 'n reusesukses te maak nie; en wat op onbaatsugtige wyse en met toewyding die afhanklikes van geïnterneerdes in die Vriendskapsentrum op Koffiefontein ontvang.

### LAERTREKKINGS

Die Gebiedsleier het die offisiere aangemoedig om in die toekoms meer landsdiens- of arbeidsdienskampe te organiseer, waar die aanwesiges op kenelike wyse die gees van die Ossewabrandwag en die lewensbeskouing van die volksbeweging kan ervaar en uitleef. **By sulke kampe kan waardevolle ideologiese voorligting verskaf word en kan die vertoon van die volksbeweging, soos b.v. die saluut, die volksgroet, vlaghysing, ens., aangeleer word.**

### PLEK INRUIM

Ten besluite het genl. Van der Merwe verklaar dat hy graag sy amp, as Hoofoffisier van Gebied C, wil neerlê ten gunste van genl. C. L. de Jager. Toe genl. De Jager geïnterneer is, moes hy hom opvolg. **Vandag is genl. De Jager weer 'n vry man, en spreker voel dat 'n O.B.-offisier, wat tydelik sy pos moes ontruim weens gevangenskap of internering, by sy vrywording moet terugkeer tot die pos wat hy ontruim het, en nie agter moet inval nie.** Daarom is dit vir hom 'n eer om aan te bied om terug te staan, hoewel hy weet dat aanstellings of verwangings by die K.G. en die A.K.G. berus.

### DIE GEBIEDSHOOFVROU

Die Gebiedshoofvrou, genle. C. Meyer, het in haar openingsrede die Gebiedsleier en sy staf bedank vir die bereidwilligheid om haar behulpsaam te wees in die uitvoering van haar taak, waar en wanneer sy ook al hulp nodig gehad het. Haar persoonlike dank het sy ook betuig aan die vroue van die Gebied vir hul samewerking en ondersteuning. Sonder hul hulp en vertroue sou dit vir haar onmoontlik gewees het om leiding te gee, het sy verklaar. Genle. Meyer het die vroue aangemaan om selfs nog meer as in die verlede skouer aan die wiel te sit in die toekoms. Die ondervinding het geleer, het sy voortgegaan, dat as die vrou bedrywig is, floreer die organisasie; maar as sy nie werk nie, kwyn dit. In die gevalle waar die vrou die hartelike steun van die man geniet, word waardevolle werk gelewer. Daarom doen spreker 'n beroep op die hoofgeneraals en generaals om voortaan nog meer as in die verlede, ten nouste en op simpatieke wyse met die vrou saam te werk.

### DIE KOMMANDANT-GENERAAL

Toe die Kommandant-Generaal aan die woord gestel is, het hy sy waardering teenoor Gebiedshoofgeneraal Van der Merwe betuig, vir sy bereidwilligheid om vir genl. De Jager terug te staan. **Daardeur het hy die grootste bemoediging aan die manne in die interneringskamp gegee, het die K.G. gesê, aangesien hulle 'n bewys gekry het, dat hulle nie uitgesluit word nie, maar dat hul plek in die volksbeweging vir hulle oopgehou word teen die dag** van hulle loslating.

### DIE IDEOLOGIE VAN DIE O.B.

Voorts het die K.G. die koers van die O.B. aangedui. Vandag woon die meerderheid van die Afrikanerdom reeds in die stede, en die meerderheid van die volgende geslag sal hul heenkome ook daar moet vind. **Die lot van die plattelander is nou verbonde aan dié van die stedeling, want die plattelandse seun en dogter van vandag is die stedelike werker en werkster van môre.** As die O.B. die Afrikanerdom nie red, moet hy die Afrikanerwerker en -werkster in die stede red, het die K.G. gesê. Daarom moet sy ideologie die ideologie van die werker wees, en moet sy stryd in die stede gestry word.

### GENL. DE JAGER

Genl. C. L. de Jager het namens die Afrikaners wat in die kamp agtergebly het, en homself en diegene wat losgelaat is, sy dank en waardering uitgespreek teenoor die getroue vriende buite die kamp vir hul hulp en bystand gedurende uiters moeilike tye. Die getroue vriende buite die kamp wil hy spesifiseer, het genl. De Jager gesê: hulle is die Ossewabrandwag.

**Uit die kamp bring hy die boodskap, dat die manne agter die draad onwrikbaar staan en dat hulle geestelik nie gebreek sal word deur die vyand nie. Hy wil sy dank betuig teenoor senator Raubenheimer, vir wat hy gedoen het om homself en ander uit die kamp te kry, het genl. De Jager verklaar.**

Voorts het hy betuig dat hy bereid en gereed is om op enige plek in die beweging, waar hy nodig mag wees, in te val. Sy plek sal hom ter gelegenertyd deur die leiers aangewys word, het hy besluit.

### APARTE SITTINGS

Nadat hierdie openingstoesprake gelewer was, het die raad verdaag ten einde elke afdeling die geleentheid te gee om sy werksaamhede apart voort te sit. Op hierdie wyse kon die huishoudelike aangeleenthede van die mannekommandos, die vrouekommandos, die boerejeug en die wagafdeling, deur die betrokke leiers met die verantwoordelike offisiere behandel word.

## DIENSLAERSTUK

**Die Dienslaerstuk vir Maartmaand, wat handel oor Verkeerswese sal in die volgende uitgawe van Die O.B. verskyn.**

## EENHEID EN KENNIS

Die Gebiedsleier van die Vrystaat het by geleentheid van die sitting van die Gebiedsraad aan sy offisiere die eenheidsleiding en die eenvormigheid van die koers van die O.B. verduidelik. Die Gebiedsleier, as verteenwoordiger van die Grootraad is die rigtinggewer in sy Gebied. Hy rig en orden alle bedrywighede in sy Gebied ooreenkomstig die koers van die beweging en sorg vir die koördinasie van afsonderlike optrede. Hy dien ook as mondstuk van sy offisiere in die Grootraad. **Vandaar die noodsaaklikheid van intieme kontak tussen die Gebiedsleier en die kommandos waaroor hy bevel voer. Offisiere moet noulettend sorg dat hulle in voeling bly met die Gebiedskwartier, het genl. Van der Merwe beklemtoon.**

### ELKEEN OP SY POS

Voorts het die Generaal ook gewys op die noodsaaklikheid van gesonde voorligting. Offisiere moet sorg dat hul onderoffisiere en brandwagte oor die regte inligting beskik. Dan sal daar geesdrif vir die volkstryd wees; en nie 'n gepeuter oor beuselagtighede nie, maar eerder 'n begrip van die wese van ons stryd.

**,,Alles sal rekom", het die generaal ten besluite verklaar, as ons net nie die slot van hierdie spreuk vergeet nie, nl.: ,,mits elkeen sy plig doen."**

**ROMMELVERWERKING:** ... ...

Maak waentjies van visblikkies met garetolle as wiele. Verf in mooi kleure.

AS U 'N PLAAS OF HUIS WIL KOOP OF VERKOOP,
raadpleeg eers
**PRAEDIUM AGENTSKAP**
Algemene, Boedel, Eiendoms, Assuransie en Finansiële Agente.
Zimansgebou 9–10, H/v. Mark- en Harrisonstr., Posbus 6072, Johannesburg.

**W. VOIGT (Eiens.) Ppk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

**PLUIMVEE**
Die beste firma in
JOHANNESBURG
om u PLUIMVEE, EIERS, en ander produkte aan te stuur is:
C. M. ELOFF en Kie, (Edms.) BEPERK,
Posbus 7185
MOREMARK, NEWTOWN

**MARKAGENTSKAP**
A
**VROEË MÔRE-MARK**
**KAAPSTAD**
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

# Publieke Verkoping

VAN

## Kosbare Karooplaas, Lewende Hawe, Boerderygereedskap, Masjinerie, ens., ens.

Die ondergetekende, behoorlik gelas deur mnr. W. J. HAYWARD, van ALLEMANSKRAAL, distrik Steytlerville, (wat om gesondheidredes besluit het om die boerdery op te gee) sal per openbare veiling te koop aanbied

## Op ALLEMANSKRAAL, Distrik Steytlerville

## *Op WOENSDAG, 29 MAART 1944, om 9.30 vm.*

1. Die kosbare plaas bekend as ALLEMANSKRAAL, groot 9,560 morge, geleë 10 myl vanaf Steytlerville en 15 myl vanaf Mountstewart-stasie. Die plaas is geheel omhein met jakkals-proef en verdeel in 18 kampe met volop water uit fonteine, boorgate en damme. Die Kamferspoort-Rivier en Groot-Rivier loop deur die eiendom vir ongeveer 10 myl met pragtige doring en brak langs die oewers. Die veld is 'n mengsel van karoo, gwarrie, granaat, pruim, vyebossies, spekboom, dorings, gannas, brak en ook sekere dele noors of rooigras.

**LANDERY:** 75 morg (min of meer) waarvan ongeveer 35 morg onder gewortelde lusern wat besproei word deur twee enjins met 8 en 10 duim pompe uit die Kamferspoort-rivier en groot vloedwater dam, en verdeel in 3 kampe met water aangelê in suipbakke in elke kamp vir vee.

**WILD:** 250 Koedoes min of meer, 20 Springbokke en baie ander soorte kleinwild.

**VERBETERINGS:** Moderne en gerieflike woonhuis met 5 Slaapkamers, Eetkamer, Sitkamer, Kombuis, Spens, Kantoor, Badkamer (water aangelê in Kombuis en Badkamer), Spoelgemakhuis en Verandah aan twee kante. Elektriese Lig in Woonhuis. Buitegeboue: Groot Skeerhuis 72 x 32 vt. met 10 Skeerhokke met valdeure, 3 Stoorkamers, Garage, Stal vir 3 perde. Voormanshuis met 4 vertrekke en gemakhuis, Woonhuis met 3 Slaapkamers, Eetkamer, Kombuis, Spens en Kantoor. Huise vir plaasarbeiders, Skuur en nodige Krale. Twee stelle Krale waar 8 kampe se vee mee gewerk word.

2. **VERKOPING VAN PLAAS:** Die Plaas sal eers in drie dele opgeveil word, nl.: 5,009, 3,915 en 636 morge en dan as 'n geheel.

3. **LEWENDE HAWE:** (6,784 Skape en Bokke) 1,500 Merino Ooie 2 tand tot volbek. 700 jong Merino Skape, wissel 2 tande, 2,500 Merino Hamels 4 tande tot volbek, 250 Merino Lammers, 16 Merino Ramme. STOET SKAPE: (Beroemde Geelbek-stoetery) 117 Ou Ooie, 60 Ooie 2 tot 4 tande, 33 Ooi Lammers, 50 Ramme 2 tot 4 tande, 45 Ram Lammers, 3 Stoet Ramme. Meeste van die skape het 6 maande wol en is in uitstekende kondisie. BOKKE: 1,500 gemengde Angoras, 10 Angora Ramme, 100 Gemengde Bokke. Al die bokke is spekvet. 3 Friesland Koeie in melk, 1 Friesland Vers, 3 Reunperde, 3 Muile.

4. **BOERDERYGEREEDSKAP, MASJINERIE, Ens.:** Allis Chalmers Trekker 30/38 p.k., Moline 3-voor ploeg vir trekker, Ransomes Rotary Skraper, Olivier 36 Cultivator (11 tande), 2 Lusern-snymasjiene, 2 Lusern-harke, 2 Dubbelvoor en een Enkelvoor Ploeg, Damploeg, Killefer offset Disc., Killefer Kombinasie regs en links Ploeg met Breker, Voermasjien gedrywe deur 2½ P.K. Newway Enjin gebou op trollie, Eenry-mielieplanter, Mielie-afmaker, Skoffelploeg, Morris Ditcher, Martin Cultivator, 2 ,,Centrifugal" Pompe, 300 vt. x 10 duim; Staal Pype (lood verbinding) 20 vt., 6 duim Pype, 20 vt., 5 duim Pype, 'n paar lengtes 8 duim Asbestos Pype, ongeveer 5,000 vt., Gegalv. Pype, ¾, 1 en 1½ duim, Koring Meul, 2 Bokwaens, 1 Kapkar, 12 vt. Windmeulkop, Skeermasjien met 4 skêre, Skeermasjien met 8 skêre, 6 Verskuifbare Wolkaste, 3 Wolsorteertafels, Fairbanks Morse Petrol/Paraffien-enjin, 3.p.k., Force Pomp (kan water tot 400 vt. hoogte pomp), Donalds Wolpers, Platvorm-skaal, 4 Graantenks vir 50 sakke graan elk, 50 sakke mielies, 2 sakke lusernsaad, 2 sakke bone, Slepers, Hout en Ysterpale, Hakkies-, Glad en Ogiesdraad, Gegalv. Glad en Gegroefde Sinkplate, hoeveelheid Timmerhout, Motor-batterye, Windlaaier met Radio (Paramount). Elliot's Engineers Spirit Level met Driepot, Stanley's Spirit Level, Pyp-snytuig, Stocks en Dice, Skaafbank, Aambeeld, Pypsnyers, Boutjies en Moertjies, Stalvurke, Skopgrawe, Grawe, Hamers, ens., Span Perdetuie, 1 Paar Kartuie, Saals, Voerbakke, Ysterboormasjien (Steel Drill), Ligte Ford V8-afleweringswa, Lusern-miedens, ens., ens.

Vir nadere besonderhede doen aansoek by die Afslaer.

**Onthou: WOENSDAG, 29 MAART 1944, op ALLEMANSKRAAL, distrik Steytlerville.**

Posbus 15,
Steytlerville.
17/2/44.

HENRY J. KILIAN,
Afslaer.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Handelsadvertensies:** 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

**Persoonlike Advertensies:** 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

**INTEKENGELD.** (Streng vooruitbetaalbaar).

**Deur Kommando:** 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.

**Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.:** 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.

**Adresveranderinge:** 1/- per adresverandering.

### VERLOWING

**VAN VUUREN—VENTER:** Hiermee maak ons, Hannes en Freda van Petrusville, aan familie en vriende bekend dat ons op 25 Februarie verloof geraak het.

### IN MEMORIAM

**MINNAAR.** — Ons lê vandag weer 'n kransie van liefde en verlange op die graf van ons dierbare eggenote en mammie, Berta, (geb. Coetzee), ons vooruit gegaan op 2 Maart 1939. Die verlangende eggenoot en kinders, Izak Minnaar, Boetie, Myra en Johanna.

### PERSOONLIK

BRING u ou hoede vir herstel na **mev. S. Verster, Aliwalstraat 20, Bloemfontein.** Goeie werk en billike pryse gewaarborg.

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

**W. J. Grobbelaar** — Dames en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in Tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

BRANDWAGTE. — As u Johannesburg besoek of daar woon, ondersteun Excelsior Haarsnyers, Volkskasgebou, Markstraat 76. Eienaar: **Willie Engelbrecht.** Nie verbonde aan 'n „Trade Union." Flink boere-werkers.

### BENODIG

DRINGEND benodig, Aga of Esse stoof. Sal enige persoon wat een of ander van hierdie stowe te verkoop het, asseblief dadelik in verbinding tree met **F. S. Olivier, P/s. Oudeland, Graaff-Reinet.**

JONG ongetroude plaashulp. Tabak en saaiboerdery. Begin-salaris £2-10-0 per maand met goeie inwoning. Doen aansoek: **A. Bekker, P.K. Aangenaam, Dist. Oudtshoorn.**

YSKAS met paraffienbrander. **Superfex** verkieslik. Besonderhede i.s. prys, toestand, grootte en model aan **D. E. Bosman, Elandskraal, P.K. Pienaarsrivierstasie, Tvl.**

### BETREKKING VAKANT

ONDERWYSERES benodig vir twee kinders. Beginner en Std. 4. Goewernements-sillabus. Begin tweede kwartaal (April). Vrye inwoning. Salaris £12 per kwartaal. Besonderhede, getuigskrifte en kwalifikasies aan: **Mev. Fanie Swanepoel, Swa-De-Ja, P.K. Commandokraal oor Vondeling.**

### KENNISGEWING

OFFISIERE, brandwagte en belangstellendes, bring julle vriende na die Vriendskapsentrum, en kom geniet 'n kopple tee, koffie en koek, wat Dinsdae, Vrydae en Saterdae deur verskillende kommando's bedien sal word. Vrydag sal kommandante Pienaar, Groote Schuur en Saterdag die Boerejeug op diens wees.

### TE KOOP

**ANGELIERPLANTE,** mark en tentoonstellingsoorte, 7/6 per dosyn posvry. 10% word geskenk aan Noodhulpfonds. **J. H. Roodt, Goedgevonden, P.K. Louis Trichardt.**

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George**

DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

EK bied aan teen groothandel pryse, eersteklas kwaliteit lakenlinne, 54 duim breed, teen 7/6 en 75 duim breed teen 9/- per jaart. Nog net 3 paar besonder sagte kwaliteit klaargemaakte lakens 64 x 96 duim teen 50/- per paar. Seuns onderhemde 26 en 28 teen 5/1 elk. Mans No. 4 kort onderbroeke met rek-lyfie 6/6 elk. **Nico Barnardt, Toverwater, Pos Uniondaleweg-Stasie.**

## *VERJAARDAGKETTING*

**9 Maart:** Cathrina J. (Francis), Wolseley; Hugo Slabber, Paarl; Petrus J. Vermeulen, Paarl; Elsie S. Victor, Beaufort-Wes.

**10 Maart:** Christina Cilliers, Beaufort-Wes; Pieter Sadie, Paarl; Desireë van Heerden, Cradock; Theodoris E. van Tonder, Wesselbron.

**11 Maart:** Ancois de Wit, Tarkastad; J. Anderson, Bellville; Karel E. Fourie, Vryburg; Cornelis G. Volschenk, Maizefield.

**12 Maart:** Cileen Pienaar, Beaufort-Wes; Carolina E. Victor, Beaufort-Wes; Mabel S. Gouws, Port Elizabeth; Marie K. E. Snyders, Lambrechtsdrift; Johanna M. Erwee, Wesselbron.

**13 Maart:** Anna Theron, Aughrabies; Sandria Bester, Paul Roux.

**14 Maart:** Cecilia Barnard, Homtini; Corrie Botha, George; Erica Nortje, eGorge; Izak van Zyl, Paarl; Frederick Lubbe, Tiervlei; Mariana de Bruin, Paarl; Gertruda M. van Rensburg, Loxton; Hendrik Korff, Dendron.

**15 Maart:** Anna Louw, Kaapstad; Christine Botha, Stellenbosch; Jacobus J. Nortje, Beaufort-Wes; Willem F. Smit, Merweville; Magdalena Coetzee, Upington; S. de Klerk, Grootdrink; Gabriel Luttig, Paarl; Dalena de Jongh, Bellville; Daniel Swanepoel, Tiervlei; Anette Möller, Ceres.

### TE KOOP

**DEEL in die Winste.** — **Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

**KOLJANDER en Wortelsaad** direk van die produsent. 3 Pond pakkie Koljander oor die pos 3/6; 100 pond sak V.O.S. £3-15-0 K.M.B. Gemaal 5/- ekstra. Ook SHANTENY wortelsaad 1/- per ons; 10/- per pond oor die pos. **P. W. Kloppers, Paul Krugerstraat, Robertson.**

**MEUBELS.** — **Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

**MISSTOWWE.** — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan **Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.**

**VANS CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.**

WANNEER u besluit om u eiendom of plaas te verkoop, of, as u besluit om **nou** ook 'n eie **huis** te besit, raadpleeg ons dan verseker **eerste,** want u het die versekering van **opregte** en **eerlike behandeling.**

(1) **AUCKLAND PARK.** — Nuwe moderne woning met ses vertrekke, K.S.B., motorhuis, bediendekamer. Beter is daar nie, teen £3,450.

(2) **LINDEN.** — 4-vertrek woonhuis op ½ akker, beplant met vrugtebome. 'n Ware winskopie vir £1,800.

(3) **MELLVILLE.**—Op twee pragtige erwe, 6-vertrek woning met K.S.B., Gas en Smoorstowe. Word absoluut weggegee vir £2,000. Moenie wag nie.

(4) **CROSBY.** — Die allerbeste woning in hierdie buurt. Staan Noord. 6-vertrek met K.S.B., ingeboude kaste. Spesiaal gebou vir eienaar. Kyk net hoe goedkoop — £2,750.

(5) **PRETORIA DISTRIK.** — Aan die Kameel- en Elandsriviere, met volop water. 400 morg, onverbeterde plaas, ideaal vir beeste. Hierdie kans vir 'n weggee ding kom net eenkeer. Kyk £1,000.

**Kruger en Kruger, Eiendoms- en Assuransieagente, 7de Straat, 72A, Melville, JOHANNESBURG.**

**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE,**
**Posbus 660, — Johannesburg.**

Ons voorrade van **Vrugtebome** en **Rose** was vroeg uitgeput die afgelope Plant-seisoen, ons simpatiseer met die van ons klante wie se benodighede ons nie kon voorsien en gee u die goeie raad om nou u bestelling te plaas vir 1944 Winterplantseisoen, u is dan seker van u geliefkoosde soorte super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid!

Sierstruike, Uitlandse bome, Palms en Heiningplante beskikbaar vir Somer-Planting.

Geillustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters. (1)

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

## DIE WAGAFDELING

Ten opsigte van die wagafdeling het die K.G. op die Vrystaatse Gebiedsoffisiersraad verduidelik dat **die hoofdoel daarvan die handhawing van orde en dissipline binne ons organisasie is.** Die wagafdeling is, as 't ware, ons polisie — die kern van ons weerbare manne. Hulle tree op as 'n kerngroep by geleenthede van erewagte, kampe, ens. Die wagafdeling is daargestel as 'n nuttigheidsmaatreël. Die A.K.G. voer bevel oor die wagafdeling van die Unie en is verantwoordelik vir die dissipline in die Unie. Die Wagkolonel is op dieselfde manier verantwoordelik vir 'n gebied, die Wagmajoor vir 'n generaalskap, en die Wagkaptein vir 'n kommando.

## DIE TAAK VAN DIE VROU

In haar woord tot die vroue-offisiere het genle. Meyer beklemtoon dat in elke afdeling sistematies en aanhoudend gewerk moet word. Die skakelvrou moet saamwerk met die hoofgeneraal en die volksorgoffisier met die generaal. Hierdie twee vroue-offisiere moet baie noue kontak met mekaar handhaaf. Hulle tree op teenoor die manne-offisiere in adviserende hoedanigheid.

Die vrou moet onthou, het die Hoofvrou verklaar, dat sy die spil is waarom alles draai. Waar die vrou woel daar lewe die O.B. Die taak van die vroue-kommandos is dieselfde as dié van die manne-kommandos — net dis groter. **Die grootste en die grootse taak van die vrou lê opgesluit in opheffingswerk. Die ideaal is om toe te sien dat elke vrou haar regmatige plek beklee in die huisgesin en in die samelewing — en dat sy hierdie plek met waardigheid volstaan. As die vrou reg is en vir haar volk gered is, sal sy sorg dat haar huisgesin reg is, en as die huisgesinne van 'n volk gesond is, dan is dit wel met daardie volk.** Genle. Meyer het verklaar dat hoewel ons vandag nog nie oor staatkundige mag beskik nie, die vrou tog nog haar plig teenoor haar volk kan doen.

**SASBANK**

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

**RAADPLEEG SASBANK**

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

*Waarde vir geld*

*Kommando -sigarette*



*PAS VERSKYN*

**Menslike Physiologie (Deel I.)**

deur

**H. E. Brink, D.Sc. (Stell.).**

553 blss. 116 teksfigure. Prys 20/- (Posgeld 9d.)

'n Standaard handboek vir mediese studente, B.Sc.-studente, studente aan Opleidingskolleges en onderwysers van Physiologie aan Hoërskole.

Weens papierskaarste is slegs 'n beperkte aantal eksemplare van hierdie baie waardevolle handboek verkrygbaar.

Plaas dus dadelik u bestelling by u plaaslike boekwinkel of direk by die uitgewers:

**Pro Ecclesia-Drukkery**

**Die Laan — Stellenbosch**

**Rommelverwerking:**

Ou olie van 'n roomafskeier kan gebruik word om die houtwerk van vensters en deure mee af te verf.

**£100,000** in aandele is sedert Maart laaslede deur lede van die publiek onderskryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weerspieël groot winste oor die afgelope boekjaar en **'n diwidend van 8% word weer** verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabrieke of vra om inligting op die vorm hieronder.*

Organisasiekantore:— **Johannesburg:** Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. **Kaapstad:** Kamer 614, Groote Kerkgebou. **Bloemfontein:** St. Andrewstraat 123. **Port Elizabeth:** Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

**EXCELSIOR MEUBELS BPK.**

* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk. Posbus 6670 JOHANNESBURG.

Stuur asseblief besonderhede van u aandele aan:—

........................................

........................................

(O.B., 8 Maart 1944) ____________

*Ons sukses is u voorspoed*